

Nathan – ‘n reis van hoop!

Marietjie van den Berg

November 2013 het Nathan se ouers my genader om Nathan te ontmoet met die oog op BabaGim[®] terapie nadat hulle ‘n praatjie van Dr Melodie de Jager, die stigter van BabaGim, op RSG geluister het. In die praatjie het sy genoem dat dieselfde bewegings wat in BabaGim gebruik word om heelbreinontwikkeling te stimuleer, ook in die geval van breintrauma die brein kan stimuleer om nuwe breinpaadjies te bou en te vestig. Hierdie stukkies nuus was vir Nathan se gesin ‘n klein ligstraaltjie in ‘n baie donker wêreld.

Nathan was reeds 3 jaar oud. Sy breintrauma as gevolg van ‘n “near-drowning incident” het reeds in April 2012 gebeur, wat dus beteken dat dit in daardie stadium reeds ‘n jaar en ‘n half na die ongeluk was. Nathan het op ‘n baie gereelde basis fisioterapie, arbeidsterapie en ARB (Advanced Bio-Mechanical Rehabilitation) ontvang en die mediese prognose was dat die “venster van herstel” reeds oorskry is en dat alle aanduidings daar is dat Nathan geen verdere ontwikkelings-mylpale sal kan bereik nie.

Nathan se lyfie was reeds inmekaar getrek, die spiertjies het verkort en hy was baie rigied en styf. Hy het ook elke paar sekondes in spasma gegaan wat die ruggie heeltemal krom trek en die hele lyfie laat “klem”. Daar was geen oogkontak nie, geen reaksie op visuele of auditiewe prikkels nie asook geen gesigsuidrukkings nie. Dit was dus baie moeilik om te bepaal of hy kon hoor en sien of enigsins bewus was van sy omgewing.

Ek het Melodie de Jager gekontak en haar woorde was: “Haal diep asem en begin by die begin” ‘n verwysing na die begin van BabaGim se program, massering. Ons het vanuit die standpunt gewerk dat Nathan meeste van die “gereedskap” om te ontwikkel verloor het en daarom het ek en Nathan se ouers besluit om Melodie se raad te volg en by die begin te begin.

Die eerste kritieke ontwikkelingsgeleentheid is dat baba sy eie liggaam as ‘n verwysingspunt moet ontdek (De Jager:24)

Ons het met week een van die BabaGim 2: Ferm Grondslag-program begin. Ferm massering en “body-mapping” het Nathan geleidelik meer laat ontspan ten opsigte van aanraking en fisiese versorging. Ons het ook vanuit die veronderstelling gewerk dat Nathan ons kan hoor, sien en verstaan en het dus met hom gesels en hom aangemoedig net soos wat mens met ‘n pasgebore baba sal doen. Herhaling, herhaling, herhaling... Op Kersdag 2013 het ons reeds die eerste groot “bonus” ontvang en Nathan se eerste glimlag het ons in tranes van ekstase gehad.

Ons het verder streng volgens die riglyne uitgespel in die BabaGim2: Ferm Grondslag-program gewerk. Ons het begin met die “wakker” maak van die sintuie. Met baie geduld en herhaling van beweging vorder ons klein treetjies op ‘n slag. In die proses word daar soms ‘n breinpaadjie gebou wat by van sy “ou” netwerke aansluit en dan is daar ‘WOW’- oomblikke, vinniger vordering volg. Nathan kan bv sy oë van kant tot kant en bo na onder beweeg, sonder om sy kop te draai; dit is ‘n gevorderde funksie waartoe daar toegang verkry is.

Ons grootste uitdaging bly steeds die bewusmaking en versterking van sy hele lyfie se spiere ten einde beheer daarvoor te kry. Nek- en kopbeheer bly ook steeds hier ons grootste prioriteit. Ons werk baie hard en BabaGim is nie net ‘n terapie-sessie nie, maar ‘n totale leefwyse waarby ek, sy ouers asook die versorger betrokke is.

Na meer as 'n jaar, is ons dit almal eens: elke oomblik is die moeite werd. Nathan het gevorder van 'n passiewe seuntjie wat in die niet staar, tot 'n lieflike vriendelike en nuuskierige seuntjie met die wil om sy probleme te oorkom! Daar is goeie interaksie tussen hom en mense. Al kan hy nie praat nie, is daar 'n wye reeks emosies wat hy met sy gesigsuitdrukings, bewegende mondjie en geluidjies kommunikeer.


Sy sintuie (oë, ore, mond, neus en vel) het reeds groot mylpale bereik en ons werk reeds baie hard aan die naby sintuie (proprioëpsie, vestibulêre sisteem en kinestese). Hy begin tekens toon dat hy stadig maar seker "beheer" kry oor ledemate. Hy sal bv met aanmoediging sy handjie of beentjies lig en knieë buig. Tans is sy lyfie baie meer ontspanne en "spasmas" gebeur slegs as hy sy misnoë te kenne gee. Hy kan ook reeds sy armpies heeltemal ontspan en oopstrek met hulp. Hy lê op sy ruggie en ry "fietsie" met genot, rol op die bal soos 'n gesoute branderplankryer, lig sy koppie pragtig en hou dit met tye mooi in posisie. Magie-tyd raak al meer plesierig en op die vloer vermaak hy ons graag met klein nuwe bewegings wat hy self onder die knie kry.

Tydens Nathan se herstelproses is daar ook ander suksesse wat ons baie opgewonde maak. Nathan ontvang geen medikasie (anders as aanvullings) meer nie en die feit dat sy liggaam nie meer blootgestel word aan chemiese stowwe met talle nuwe-effekte nie, stel sy liggaam in staat om 'n eie imuunstelsel op te bou. So ook het die wande van sy blaas wat erg verdik was, met die helfte al verdun, die neuroloog skryf dit toe aan neorobane van die primitiewe brein wat ook begin herstel en werk.


Wat kognitiewe ontwikkeling betref, is ons nou baie seker dat Nathan se brein op en wakker en gereed is om meer te leer. Hy verstaan en reageer op aanmoediging, volg voorwerpe bv 'n bal wat heen en weer gerol word en seepborrels wat geblaas word. Hy herken mense en reageer toepaslik met glimlaggies en geluide van blydschap. Hy "antisipeer" gebeure en beweging bv. wanneer sy ouma in die gang afstap, herken hy haar voetstappe en draai sy koppie afwagend na die deur met blink ogies en 'n glimlaggie wat reeds aan die mondhoeke pluk.

Wat leer ons uit Nathan se ongelooflike reis? Moet nooit moed opgee nie, vier die heel kleinste van mylpale en bowenal, geniet jou kind en die interaksie met hom of haar ten volle! Moedig aan, al is die interaksie hoe beperk, hul registreer en vertsaan dalk alles wat jy sê en doen.

Wat 'n dankbare voorreg is dit vir my om betrokke te wees by Nathan se reis. Ek koester die emosionele band wat daar tussen ons gevorm is en staan elke dag in verwondering oor die werking van die liggaam en brein wat so Skeppingsvolmaak en elasties-ontvanklik is vir groei en ontwikkeling, selfs ten spyte van ongelooflike breintrauma.



2013



2015